**Esegiël** ***1:1-3, 28, 2:1-10, 3:1-3, 10-14, 22-27*** **Londen, 8 Februarie 2015**

**Leef jou roeping! II** slide

O**ns word geroep deur 'n magtige God!** slide

Wat kragtig in ons wil werk... **onderskat** soms God se krag... of sien en ervaar min daarvan in ons lewens... min getuienisse daaroor - hartseer

Esegiel word geroep **in 'n tyd toe dit wou lyk of alles verkeerd loop** vir God se mense... ballingskap, toekoms vernietig, planne werk nie uit nie, loop skeef... wou nie lyk of die feit dat hulle God dien enigsins tot hulle voordeel is nie... **sien en ervaar nie God wat kragtig ingryp en werk nie!**

Werk God op die oomblik kragtig in jou lewe?

**Opsies? Opgee** op hul geloof in God... op God... **toegee** dat omstandighede in beheer is... toekoms bleek... fatalisme... dat geloof in hierdie God nie so 'n groot verskil maak nie... help nie om Hom te vertrou nie

of... hul vertroue opnuut in 'n unieke en kragtige God plaas...

**Skriflesing en prediking** slide

Esegiel was 30 toe God hom geroep het om 'n profeet te word! Al 5 jaar banneling in Babilon...

Ironie: Sy naam beteken: **God is sterk!** God maak sterk! En dit tsv die feit dat hy die teendeel waar is van sy omstandighede... en hierin lê soms die **saadjie van verandering**, waar ons roeping begin – tsv alles rondom my, verklaar ek: my God is sterk!

God gee vir Esegiel 'n visioen slide wat sy heerlikheid en almag onderstreep – NB[ste] vir ballinge om te ontdek dat God nie in die tempel agtergebly het nie, maar by hulle in die vreemde land en moeilike omstandighede is...

Met God se roeping van Esegiel **openbaar God sy mag –** slide *hy hoor en sien die nie net nie, hy ervaar dit ook*

**1:3b** – die mag van die Here het vir Esegiel in besit geneem

**1:28** – dit was soos die magtige verskyning van die Here –die reënboog oor die troon simbool van God se ewigdurende getrouheid teenoor sy mense...

**3:12** – loof die magtige verskyning van die Here

**3:14** – die mag van die Here het my op 'n harde manier in besit geneem

**3:22** – die mag van die Here het my daar in besit geneem

**3:23** – die magtige verskyning van die Here het daar gestaan...

Esegiel het geweet dat hy niks het om sy mense te bied nie... net 'n banneling soos al die ander, ontdek dat ons enigste hoop is op **God wat kragtig werk**... het niks anders om aan vas te hou of op te hoop nie...

Ontdek hoe God se mag hom in besit neem... beheer oorneem in sy lewe...

Moes eers in sy lewe begin rekening hou met 'n magtige God, voor hy sy roeping kon uitleef.

Ons onderskat God en wat Hy kan doen – en eintlik het ons **geen ander keuse** as om Hom voluit te vertrou nie – **diepste verklaring van geloof**

Interessant dat **as God hom roep** dan is die opdrag: ***"Die stem het vir my gesê: Mens staan regop, Ek wil met jou praat... (2:1)"*** slide

**Staan regop – 2:1**... help nie ek bly sit en bly vasgevang in my situasie en omstandighede nie, help nie ek sien myself as 'n arme slagoffer nie...

Opstaan is 'n bereid stel... eienaarskap neem, verantwoordelikheid vat

Opstaan is 'n erkenning van bereidwilligheid – "Hier staan ek, ek kan nie anders nie..."

Regop staan – interessant, nie platval en bly lê nie, staan op, kyk die wêreld in die oë

Jesus het telkens as HY mense genees was sy eerste opdrag: "Staan op..."

***Nou gaan ons 'n ander pad stap...***

**Hoe rig God ons op?**

2 magte aan werk binne ons om dit te doen

1. **God se Gees werk binne in ons** slide

**2:2** – Terwyl Hy met my praat kom die Gees in my en laat my regop staan

Moenie bang wees vir mense, vir wat hulle sê of doen nie – v 6 x 3

**3:8, 9** - God se belofte dat Hy hom sterk gaan maak

**3:12** – Die Gees het my opgetel...

**3:14** - Die Gees het my opgetel en my daar weggevat...

**3:24** – Ek het platgeval maar die Gees het in my gekom en my laat regop staan

Belofte dat God se Gees kragtig binne-in ons wil werk, God rig my op – weereens hoef ek nie in eie krag dit te doen nie – alles begin by God wat in ons werk

God se roeping op jou lewe werk presies dieselfde – Hy is reeds besig om dit binne-in jou te skep...

HG is besig om in jou te werk op hierdie oomblik

Jou vasgevang-wees en alles wat jou plat hou, terughou, groei keer – Gees wil die verandering diep binne-in jou bewerkstellig – God se belofte oor jou lewe...

2. **God se Woord werk binne-in ons** - Eet die Woord – as ek nie die Woord eet nie, het ek niks om te sê nie – **2:8- 3:3** slide

*En die bedoeling is dat **God my lewe deur die Woord wil verander** – **Esegiel 3:3**,*

*Die punt is dat die Bybel met my gaan besig raak, gaan vorm, gaan uitdaag, dat die God agter die Woord met my gaan besig word...*

Wat beteken dit as ek iets eet?

Moenie dit net lees nie... **maak dit volledig deel van jou totale lewe**, raak deel van sy gedagtes, verbeelding, drome, begeertes, emosies, gevoelens, beland in sy bloedstroom, pomp deur sy hart... na sy hande en voete en mond en alle organe en weefsels...

**Baie meer as blote intellektuele oefening!!!** Gaan nie net in sy kop nie...

**Dit skrik ons soms af - te veel gevra** - sien nie kans vir die geweldige **aanspraak van Woord** op ons lewens nie...

Kan nie Bybel lees en dink dat ek alleen vrae het nie - daag my uit...

Daarom lees, eet, kou en herkou, bedink, doen, leef, praat, voel ,droom...

Dan begin die Woord lewe

Ons kan moeilik gehoorsaam wees / ons roeping realiseer sonder **die Gees en die Woord se kragtige werking in ons lewens** - dit is waar ons krag lê... nie in onsself en ons planne nie

**Leef jou roeping?**

- Weet jy hoe kragtig is hierdie God wat ons dien en hoe kragtig wil Hy in jou lewe werk?
- Belofte van die Gees wat in jou wil werk
- Laat sy Woord deel word van alles in jou lewe